Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 28 November 1951. Prys 3d. Nr. 2.

## Kersgroetes

**Net soos in die verlede sal Die O.B. ook weer vanjaar twee uitgawes (12 en 19 Desember) beskikbaar stel aan ons lesers om hul Kersgroetes aan vriende oor te bring.**

**Die tarief is 2s. 6d. per boodskap van dertig woorde of minder en daarna 1d. per woord ekstra. Geld MOET asseblief die groetes vergesel.**

**Boodskappe wat in die uitgawe van 12 Desember verskyn, moet ons bereik voor Saterdag, 8 Desember, en dié wat bedoel is vir 19 Desember voor Saterdag, 15 Desember.**

## FEDERASIE MOET BRITSE KONNEKSIE VERSTEWIG

**Die Britse minister van kolonies, Oliver Lyttleton, het in die laerhuis verklaar dat die regering ten gunste is van federasie tussen Noord- en Suid-Rhodesië en Niassaland. Die regering sal alles in sy vermoë doen om die federasie te bewerkstellig. In 'n vorige verklaring oor die federasie het hy verwys na „die belangrikheid van die versterking van die Britse konneksie en tradisies in daardie deel van die wêreld," deur middel van die federasie.**

Die federasie-kwessie sal in Julie op 'n konferensie in Londen bespreek word. Op die eerste konferensie by Victoria-waterval het die naturelle-afgevaardigdes die federasie-planne verydel. Mnr. Lyttleton hoop om in die ses maande wat voorlê die naturelleleiers te oorreed om federasie te aanvaar.

In die Suid-Rhodesiese parlement het sir Godfrey Huggins, eerste minister, verklaar dat „sommige naturelle die federasie-konferensie by die Victoria-waterval in September met die vreeslikste geswolle hoofde verlaat het en dat ons nou meer moeilikheid met ons naturelle het as gevolg van die konferensie as ooit tevore." Hy het gesê dat die konferensie „gedaal het tot die peil van 'n naturelle - liefdadigheidsvergadering onder leierskap van die voormalige minister van koloniale sake (James Griffiths)." Die konferensie het die naturelle astrant gemaak teenoor die witman.

### NOORD-RHODESIË

Op 'n konferensie in Noord-Rhodesië, waarop afgevaardigdes van 21 naturelle-organisasies was, het die naturelle besluit om die Britse beleid van vennootskap tussen die blankes en naturelle te verwerp. Mnr. Roy Welensky, leier van die verkose lede in die Wetgewende Raad, het hieroor verklaar: „Die naturelle wil klaarblyklik nie oorheersing deur die blankes hê nie, dus is die enigste gevolgtrekking wanneer hulle vennootskap verwerp dat hulle self wil oorheers." Hy het bygevoeg: „Indien hierdie aanname korrek is, is ek bly dat dit openbaar gemaak is, want dit het tyd geword om hierdie naturelle tot die werklikheid terug te bring."

Die Britse beleid is duidelik; en die naturelle se houding is net so duidelik. Die Britte wil 'n Sentraal-Afrikaanse Britse dominium aan die Unie se noordelike grens oprig — tot versterking van die Britse konneksie en tradisies. Die naturelle sal behulpsaam wees met die totstandkoming van die dominium — op voorwaarde dat dit opgerig word op die grondslag van algehele gelykstelling tussen wit en swart.

Dit is glad nie onmoontlik dat die naturelle hul sin kan kry nie want die verskil tussen die Britse beleid van vennootskap en die naturelle se eis om gelykstelling is slegs 'n woordverskil.

**Die gebeurtenisse aan ons noordelike grens is vir blanke Suid-Afrika van die allergrootste belang en dit is die plig van die Suid-Afrikaanse regering om dit baie duidelik te maak aan die Britse regering.**

# VOORWAARDES VIR S.A. SE DEELNAME AAN OORLOG

**Mnr. J. A. Smith, onderleier van die Ossewabrandwag, reik onderstaande verklaring uit:**

**Luidens 'n verklaring wat deur die departement van buitelandse sake in Pretoria uitgereik is, het die Suid-Afrikaanse Regering lidmaatskap van die verdedigingsbevel van die Midde-Ooste aanvaar; en het hy onderneem om op die vasteland van Afrika en die Midde-Ooste te veg in geval van oorlog. Die Regering sal Suid-Afrikaanse grond- en lugtroepe na die Nabye Ooste stuur in oorlogstyd.**

**Vir die eerste keer in die geskiedenis het 'n Suid-Afrikaanse regering in vredestyd baie sware oorlogsverpligtings aanvaar — buitekant die Unie se grense en selfs buitekant die vasteland van Afrika. Die volk is nie geraadpleeg nie. Die Parlement is nie geraadpleeg nie. Die Regering het eenvoudig op sy eie houtjie gehandel.**

**Die omvang van die verpligtinge wat aangegaan is, is nie bekend nie. Die aard van die verpligtinge is ook nie bekend nie. Niemand weet watter omstandighede moet intree vir die uitvoering daarvan nie.**

**Die regering se beleid om Suid-Afrika by voorbaat te verbind tot oorlogvoering, die aard en die omvang waarvan vir die volk heeltemal onbekend is, is 'n baie drastiese afwyking van die tradisionele Suid-Afrikaanse beleid ten aansien van oorlog. En dat die regering hierdie verreikende beslissing geneem het in die binnekamers van die Britse Statebond is 'n uiters ontstellende feit.**

In die verlede was dit die Sap-regering wat Suid-Afrika in buitelandse oorloë gesleep het. Maar dan was die kwessie van deelname minstens openlik in die parlement bespreek en die volk het kant gekies, waardeur die oorlogsregering die omvang van die oorlogsteun kon bepaal en daarvolgens verpligtinge kon aangaan. Nou, egter, het 'n Nasionale regering in vredestyd onbekende oorlogsverpligtinge aangegaan sonder dat die volk se ondersteuning daarvan vooraf bereken kon word.

Wat gaan gebeur as die regering verpligtinge aanvaar het wat die volk nie gewillig is om uit te voer nie? Sal die regering dan verpligte mobilisasie invoer en die volk dwing om regeringsbeloftes uit te voer wat in die geheim gemaak is?

### WAARTEEN VEG ONS?

Maar waarteen moet geveg word? Die antwoord lui dat teen enige vorm van kommunistiese agressie baklei sal word. Wat beteken dit? **Alles en nog wat kan op die rekening van kommunistiese agressie geplaas word.** Indien die Britte 'n olie-oorlog in Persië ontketen; of as 'n oorlog volg op Britse weiering om uit Egipte of die Soedan pad te gee, sal die regering dan aan daardie oorlog deelneem omdat dit 'n stryd teen 'n bepaalde vorm van kommunistiese agressie sal wees? Sal die regering oral gaan veg waar Britse belange bedreig word? **En sal die verdediging van Britse belange geskied onder die dekmantel dat kommunistiese agressie beveg word?**

Die regering behoort te weet dat baie min Afrikaners bereid sal wees om kapitalistiese oliebelange in die Midde-Ooste te gaan verdedig; ook sal hulle nie veg om Afrika vir die Britse Empire — met sy gelykstellingsbeleid tussen wit en swart — te behou nie.

### WAARVOOR SAL ONS VEG?

**Waarvoor sal Afrikaners gaan veg?**

**Eerstens: Vir Suid-Afrika se vryheid. Dit wil sê Suid-Afrika moet beskerm word nie net teen Russiese oorheersing nie, maar hy moet uit die stryd vryer te voorskyn tree ook ten opsigte van ander buitelandse bande. Daarom bejeën ons die deelname van Suid-Afrika as 'n onderdeel van die Britse Ryk met groot besorgdheid. Wanneer ons tydens die oorlog opgaan in die Britse verdedigingsmasjien en vervleg raak in die Britse ekonomiese belange beteken dit versterking van die Britse Ryksbande en word die moontlikheid op uiteindelike onafhanklikheid soveel kleiner. Daar moet gewaak word teen die uitbuiting deur Brittanje van die oorlog ten bate van groter Rykseenheid sowel prakties as sielkundig. Daarom ag ons dit noodsaaklik dat Suid-Afrika 'n selfstandige en regstreekse bydrae lewer tot die oorlog as dit moet en nie as aanhangsel van die Britse Empire of Statebond nie.**



MNR. J. A. SMITH

### MOET EISE STEL

Tweedens: Suid-Afrika moet as teenprestasie vir enige hulp deur hom verleen, besliste eise ten opsigte van Afrika stel.

(a) **Nadat die gevaar van 'n swart oorheersing onder Russies-kommunistiese vlag afgeweer is, mag Afrika nie oorgelewer word aan 'n swart oorheersing onder die vaandel van Britse of Amerikaanse liberalisme nie.** Afrika moes beveilig word vir die blanke beskawing op die grondslag van ons tradisionele beleid van blanke voogdyskap. **En hierdie beveiliging moet vóór die oorlog en nie eers daarna deur die Grootmoondhede ten volle gewaarborg word.**

**Het die regering hierdie waarborg verkry?**

### VERDELING VAN AFRIKA

(b) **Suid-Afrika moet as die leidinggewende moondheid in Afrika erken word** en 'n beleid van blank en nie-blanke state — dit wil sê die blywende verdeling van Afrika tussen blank

## „NOU IS DIE TYD OM EISE TE STEL"

en swart — moet ten volle erken word deur die leidende state van die Weste, en na die oorlog moet uitvoering aan hierdie gewaarborgde beleid gegee word. **Die tyd om eise oor die verdeling van Afrika te stel, is nou wanneer die hulp van Suid-Afrika nodig is, en nie eers later wanneer die wêreld weer veilig gemaak is vir nuwe of ou imperialismes nie.**

(c) Die oordrag van die Britse Protektorate binne en aan ons grens moet kragtens ons historiese en praktiese reg geskied voordat enige oorlogsverpligtinge deur Suid-Afrika uitgevoer word. Die tyd om eise te stel is nou dat Brittanje oor ons verleë is en nie eers later wanneer die gevare vir Brittanje gewyk het nie.

**Is hierdie eise deur ons regering gestel?**

### HULLE SKULD

**Ten slotte moet by die aanvaarding van enige verpligtinge deur ons regering voor oë gehou word dat die Britte en Amerikaners verantwoordelik is vir die vestiging van die Sowjet-Russiese wêreldmag wat vandag die hele mensdom bedreig. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die Geallieerdes die kommunisme gevoed en oor Europa gehelp versprei. Daarteen het Nasionale Suid-Afrika gewaarsku. Die huidige bedreiging is dus die uitsluitende verantwoordelikheid van hierdie twee leidende moondhede en enige hulp wat Suid-Afrika verkies om te lewer is 'n guns en geen plig nie. Daarom is dit die verantwoordelikheid van ons regering om vooraf te verseker en toe te sien dat verspilling van Suid-Afrikaanse bloed en geld tot 'n minimum beperk word, en te verhoed dat ons seuns as kanonvoer op die slagveld voorgestoot word ter beveiliging van diegene wat die kommunistiese duiwel ontketen het. In geen omstandighede mag toegelaat word dat die skrale geledere van ons volk op die slagvelde uitgedun word om Brits-Amerikaanse belange teen kommunisme te verdedig en daardeur ons eie toekomstaak in Afrika te verydel weens gebrek aan mannekrag nie. Diegene wat die kommunisme op die troon geplaas het, moet voor staan en die rekening vereffen.**

## LESERS WERF NOG TWAALF INTEKENARE

**Van nog twee persone het ons die afgelope week proefintekenare ontvang ingevolge die wenk van Taurus wat aan die hand gedoen het dat lesers dubbele intekengeld betaal en die name van twaalf moontlike intekenare stuur wat die blad dan vir 'n maand lank kan ontvang. Die twaalf name wat ons hierdie week ontvang het is vir drie maande elk.**

**Van mnr. C. J. M. van Coller (hfkomdt.) Buffelsjacht, is nege name ontvang en van mev. M. van Rooyen (hoofkomdt.) Kaapstad, drie. Dan het ons nog 'n intekenaar vir 'n volle jaar ontvang van 'n leser op Naboomspruit. Deur intekenare te werf, word ons blad in steeds wyer kringe gelees en word 'n praktiese stap gedoen vir die mobilisering van kragte ter bereiking van ons ideaal. Wie werk nog saam?**

---

**Skade van £16 miljoen** is veroorsaak deur veldbrande en droogte aan vee en bosse in New South Wales en Queensland (Australië). Die reusebrande woed nog steeds voort oor 'n wye front.

## Wie se Geld?

**Die O.B. het £2/10/- in note van 'n persoon op Boegoeberg ontvang sonder naam of besonderhede, as ook 'n posorder vir £1/17/6 van iemand in Pretoria-Noord en een vir £1/5/- van iemand op Bethlehem. Sal die betrokke persone asseblief hul name verstrek en meld waarvoor die geld bedoel is?**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

DIE O.B., WOENSDAG, 28 NOVEMBER 1951

# OORLOG EN ONS

In 'n verklaring oor Suid-Afrika se deelname aan die te wagte oorlog teen Rusland opper mnr. J. A. Smith sekere bedenkinge en doen hy 'n paar wenke aan die hand waarvan elke Afrikaner kennis behoort te neem en nie minste van almal nie ons Regering. Deelname aan 'n wêreldoorlog is 'n baie ernstige saak en dit verg die grondigste oorweging voordat jong seuns sommer na die slagveld gestuur kan word. In die verlede het ons nog voor elk van die twee wêreldoorloë 'n nasionale opposisie in die Parlement gehad wat ten sterkste beswaar gemaak het teen deelname aan buitelandse oorloë. Vandag is die opposisie 'n party van wie gesê is dat sy belangstelling nog altyd meer in die buiteland was as in Suid-Afrika. Uit die aard van die saak kan hy dus nie bedenkinge opper teen 'n buitelandse oorlogsbeleid nie. En dit is miskien maar goed dat dit so is, want daardeur kry ons nou 'n meer verantwoordelike en welwillende kritiek op 'n saak wat so ernstig is dat niemand dit vir propaganda-doeleindes mag uitbuit nie.

Die indruk wat mens kry is dat die Regering sonder meer aangeneem het dat die volk as geheel ten gunste van 'n oorlog „teen die kommunisme" is. Dit mag so wees, maar dit mag ook nie so wees nie. Van dieselfde veronderstelling is uitgegaan ten opsigte van Korea en tog is daar heelwat bedenkinge in die pers uitgespreek deur mense wat volbloed-ondersteuners van die Regering is. **Ons meen dus tog dat dit meer in ooreenstemming met die tradisionele standpunt van nasionale Suid-Afrika en in belang van die Regering self sou gewees het as die Regering die volk eers op die een of ander wyse geraadpleeg het voordat hy sware verpligtinge aanvaar het. Dit was juis die groot verwyt teen genl. Smuts dat hy nie 'n mandaat van die volk in 1939 gehad het nie.**

### WATTER BYDRAE?

Maar laat ons aanneem dat 'n oorwegende deel van die volk tog ten gunste van 'n verdedigingsoorlog teen Russiese aggressie is, dan nog bly die belangrike vraag oor die aard en mate van Suid-Afrika se deelname. Sal die meerderheid van die volk daarmee gediend wees dat troepe na die Midde-Ooste ver buite die Afrikaanse vasteland gestuur word? Was die beleid van ons Regering nie tot onmiddellik na sy bewindsaanvaarding nog dat ons ons mannekrag reserveer vir binnelandse beveiliging nie? **Suid-Afrika kan maar hoogstens 'n twee of drie divisies op die been bring teenoor die honderde van die groter moondhede. Kragtens ons tradisionele beleid sal hierdie vegtende divisies net uit blankes bestaan. As hulle nou in die Midde-Ooste of Europa — want die geskiedenis het geleer dat fronte steeds verder beweeg — ingewerp moet word as speerpunte of selfs maar op gelyke voet met Amerikaanse Negers, dan beteken hul uitdunning vir die blankedom in Afrika 'n ontsaglik groter verlies as wat tienvoudig groter Amerikaanse verliese vir daardie land mag beteken. En dit stem ons tot groot besorgdheid dat uit Washington berig word dat Suid-Afrika voorkeur geniet by die lewering van wapens omdat hy naaste aan die Midde-Ooste is en dus eerste met tenks en vliegtuie op die oorlogstoneel kan wees.**

### WATTER NUT?

**Ons klein bevolking kan nie bekostig dat sy handjievol blanke troepe die speerpunt teen 'n Russiese aanslag moet vorm nie. Wat sal dit ons baat om die Russe in Turkye te help verslaan — met hulp wat in verhouding tot die Westerse totale poging tog maar onbeduidend is — maar ons verloor ons blanke ewewig binne ons eie vaderland?**

En na dit alles bly die uiters belangrike vraag: **Sal Suid-Afrika na 'n geslaagde oorlog kan staat maak op die blote erkentlikheid van die grootmoondhede om ons blanke seggenskap in Suid-Afrika te aanvaar sonder liberalistiese inmenging soos tans in die V.V.O. geskied?** Suid-Afrika het onder genl. Smuts ook sy „plig gedoen" en hy het heelwat lof ontvang vir sy aandeel in die Tweede Wêreldoorlog, maar ten spyte daarvan staan hy nog steeds in die beskuldigingsbank van die oorwinnende moondhede in die V.V.O. **Bewys dit nie dat 'n klein landjie VOORAF sy regte moet verseker voordat hy hom in groot lande se sake bemoei nie?**

### VERDWYN IN ROOK

Dit is een aspek van die saak — die wêreldorganisasie van die oorwinnaars wat nog na elke wêreldoorlog gevolg het. Maar daar is 'n veel belangriker. **Die geskiedenis het ook geleer dat daar regeringsveranderings in elke demokratiese oorlogvoerende land kort na afloop van die oorlog plaasvind.** Ons Regering mag vertroue hê in die welwillendheid van byvoorbeeld die huidige Britse of Amerikaanse bewind ten aansien van sy toekomstige aansprake na die oorlog, maar as hy dit nie vooraf vaslê in skriftelike ooreenkomste en waarborge nie, gaan sy verwagtings in rook op saam met die regeringsveranderings na die oorlog — **ook in ons eie land.** Die Britse protektorate leer vir ons hier 'n les. Die oordrag daarvan was byna klaar verseker voor die oorlog in 1939, maar met die liberalistiese Arbeidersbewind wat aan die einde van die oorlog in Brittanje op die kussings gekom het, het die oordrag weer heeltemal problematies geword, en ons gaan die derde wêreldoorlog al in sonder oplossing van die vraagstuk.

**Dit moet tog duidelik wees dat mens jou eise moet stel solank die teenparty oor jou verleë is — nie daarna nie, veral nie in die gewetenlose en wispelturige wêreldpolitiek nie.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Die Britte in België*

Ek verneem dat die nuutste beleid wat die Engelse teenoor die Belgiese volk gevolg het geweldige beroering in daardie land veroorsaak het. Gemoedere loop glo baie hoog en die spanning laai op. Daar is duisende Belge wat glo dat Brittanje die vernaamste vyand van hul land en hul volk is.

In ons nuusblaaie word hoegenaamd niks vermeld van die onrus — en die oorsake daarvan — wat Brittanje besig is om in hierdie deel van Europa te verwek nie. Trouens, ek neem aan dat die meeste Afrikaners — burgers van Sy Britse Majesteit se Suid-Afrikaanse Koninkryk — niks weet van wat Brittanje in België aangevang het nie.

Maar Brittanje se optrede in België raak, in die eerste instansie, duisende Vlaamse boerefamilies — boermense wat, net soos die Afrikaners, aan die Dietse volkefamilie behoort en dit is derhalwe goed dat Afrikaners sal weet hoe die Engelse hierdie stamgenote behandel.

Ek sal vertel.

### *Die Besetting van die Kempen*

In die noorde van België, aan die suid-grens van Holland, en effens oos van die groot hawestad, Antwerpen, strek 'n landbougebied uit wat bekend is as die Kempen. Die mense praat daar van die Kempen net soos ons sal praat van die Boland of van die Swartland of van die Boesmanland.

Wat nou gebeur het is dat die Engelse met verlof van die Belgiese regering, besig is om die Kempen te beset en om militêre opslagplekke daar in te rig. Soos die Engelse die gebied beset moet die Vlaamse boere padgee. Op hierdie wyse is reeds meer as 'n duisend boere en hulle gesinne van hul grond verjaag en namate die besetting uitgebrei word sal nog meer moet padgee.

Die boere wat van hul grond verdryf word is vanselfsprekend verbitterd. Hul ontevredenheid word vererger deurdat geen geskikte heenkome vir hulle gebied word nie. Ek sal een van die boere self aan die woord laat om hul saak te stel.

Bowendien het die Britse besetting verreikende politieke implikasies en hieroor sal ek die uitgesproke Vlaams-nasionalistiese standpunt aanhaal.

### *Boere moet hul Plase verlaat*

Ek laat 'n Kempiese boer aan die woord. Hy stel homself soos volg bekend:

„Ek is nie 'n joernalis nie, maar die seun van 'n Kempiese boertjie; my wieg het naby die landerye en die bosse gestaan, waar betonmeulens en staatskrapers vandag besig is om die aanskyn van die Kempen te verander."

Ten aansien van die onteiening skryf hy dat „die grond onteien word met alles wat daarop is." Die Engelse beloof wel om die boere uit te betaal, maar dit bly net by die belofte. „Daar is nog niemand wat weet hoeveel hy sal kry nie en niemand het nog iets ontvang nie. Die Engelse rowers behandel ons soos wilde mense van wie pêrels en diamante afgevat kan word in ruil vir 'n handjievol sout," kla hy.

Hy vervolg: „Daarby gaan die Engelse militêre owerheid gemener te werk as selfs die duiwel. As dit enigsins en kan word die plaashuis en werf nie onteien nie. Maar as die militêre gebied tot aan jou agterdeur grens dan sit jy met jou opstal soos 'n man met 'n eetkamer op 'n kaal vlakte. Jy kan daar niks mee maak nie; die juweeltjie het met een handomdraai waardeloos geword. Daar is geen veld nie; geen oes nie; en geen verdienste nie. Die boer word straatarm."

En eindelik trek die boer en dan neem die Engelse besit — sonder vergoeding. Dat die Engelse ook ander middels aanwend om die boere te laat padgee blyk uit onderstaande: „Wie liever geen Rooinek rond zyn dochters ziet scharrelen, trekt ‚vrywillig' naar elders."

Hierdie boer vertel dat die regering vir hulle elders grond beloof het sowel as 'n lening van 2,000 frank per hektaar om die grond te koop. Maar, sê hy, die beloofde grond is niks werd nie en die prys daarvan het reeds gestyg tot 10,000 frank per hektaar. „Houdt men ons werkelyk voor snullen? Wie houdt men voor de gek?" vra hy. „Er word een massa flauwe praat verteld, die onze boeren geen baat bybrengt, maar hen doet grynslachten . . als ze niet op de tanden byten om hun woede en hun hartzeer te verbergen."

### *Er is nog Gebroekte Genoeg*

Maar dit is nie net die onteiening wat die boere kwaad maak nie. Daar is iets anders. Luister hier: „Jarelank sanik mense al oor die verskrikkinge van die atoombom. As so 'n tuigie in die Sowjet-unie ontplof, skryf die koerante in vet letters dat ons ons moet verdedig. Maar intussen nooi ons dieselfde Sowjet-unie uit om die werking van daardie liewe bommetjie in die Kempen te kom probeer." Aan die adres van die Engelse sê hy: „Natuurlik, menere, julle vliegtuie staan al klaar. Julle het nie rede om te skrik nie; ons, wat in die Kempen moet agterbly, het wel sodanige rede."

Die vrees dat die Engelse die atoombom na die Kempen lok met die militêre doelwitte wat hulle daar inrig, lê klaarblyklik ten grondslag van die Belgiese volk se verset teen die Engelse besetting. Dit is duidelik dat die gewone mense in België glo dat die besetting eenvoudig 'n bliksemafleier is wat die atoombomme van Brittanje moet aflei na die Kempen. En daarteen skop die Belge op wie die atoombom veronderstel word om te val. Vanselfsprekend skop hulle.

En die Kempiese boer skroom oënskynlik nie om baie reguit met die Engelse te praat nie. Dit is hulle taal teenoor die Engelse: „As die boere hul belange nie openlik kan verdedig nie, sal hulle dit op 'n ander manier doen. En op 'n wyse wat julle skrikbewind sal oortref. Julle roep nou self 'n ondergrondse of sogenaamde onwettige verset in die lewe. Julle het dit gesoek en julle sal dit kry en julle sal ondergaan. Julle dae is geteld."

„Daar is nou al boere wat sê: Er is nog gebroekte genoeg. Hierdie uitdrukking sal julle nie verstaan nie. Mense wat vreemdelinge in die Kempen is ken dit nie. Dit beteken: daar is nog moerasse in die Kempen. En dit sou per slot van sake nie die eerste keer wees dat vreemde soldate spoorloos verdwyn nie!"

### *Die Besetting is Onnodig*

Oor die politieke implikasies van die besetting verklaar die Vlaamse nasionaliste dat die verdediging van die weste hoegenaamd nie die vestiging van Britse troepe in die Kempen vereis nie. „Ons glo nie dat die Belgiese leër, indien hy behoorlik uitgerus word, onbevoeg is om die vaderland se bodem te verdedig nie. Dit is trouens die leër se eerste taak en nie om onder vreemde bevel in Duitsland of in Korea te gaan veg nie. Die Belgiese leër het altyd die bodem, tot die uiterste van sy kragte toe verdedig — selfs toe die Engelse die hasepad gekies het, om hul eie eiland te gaan verdedig. Dit bewys dat die eie troepe die vaderland die beste verdedig.

„In die kader van die verdediging van die weste beskou ons dat dit ons taak is om die delta-gebied van die drie groot Wes-Europese riviere, Schelde, Maas en Ryn uit te bou tot 'n sterk vesting in oorlog met daardie moondhede wat dit ernstig meen met die verdediging van die hoë waardes van die weste.

„België en Nederland is tesame in staat tot die uitbouing van sodanige vesting. Daartoe is geen Britse besetting nodig nie. Trouens die Britse besetting verhoed ons lande om hul historiese taak te vervul. Daarom sal ons nooit in die besetting berus nie."

### *Die Engelse is Onbetroubaar*

In 'n anti-kommunistiese front is die Engelse geheelenal onbetroubaar, glo die Belgiese nasionaliste, want die Engelse dink net aan hulleself. „Zy denken aan niets anders dan aan zich self. Zy doen in iedere omstandigheid wat hun eigenbelang beveelt."

„Die Britse besetting van die Kempen is nie in westerse of Europese of Atlantiese belang nie. Dit is louter in Britse belang. Die Britte het Antwerpen gevat omdat hulle weet dat hulle môre-oormôre Hamburg gaan verloor." En hulle sal Hamburg verloor ôf omdat die Amerikaners eersdaags 'n reëling met die Duitsers gaan tref waardeur die besettingsmagte sal moet padgee ôf omdat die Engelse self 'n vergelyk met die Russe sal aangaan as gevolg waarvan die Engelse ook uit Duitsland sal moet padgee.

„Ons begryp die Engelse baie goed. Ons weet hulle ken die ou politieke spreekwoord: wie de Nederlanden houdt, houdt Europa." Dit is die een en enige betekenis van die huidige Britse aanslag op die Kempen en van die toekomstige aanslag op Noord-Nederland.

### *Doelbewuste Verswakking*

Die Engelse het hulle gedragslyn ten aansien van België en Nederland sorgvuldig voorberei. „Die Indonisiese kwessie in Holland en die koningskwessie in België is deur die Engelse beplan om hierdie lande sodanig te verswak dat hulle sommer vanself in 'n toestand van onderhorigheid sou verval." Deur die verlies van sy ryk is Holland afhanklik gelaat en deur verwydering van koning Leopold III is Belgiese „inskiklikheid" verseker. „Wie glo dat koning Leopold ooit die afstand van Belgiese gebied sou goedgekeur het? En wie begryp nie nou waarom hy moes gaan nie?"

Die Belgiese nasionaliste kan nie verstaan waarom aan België en Holland nie die geleentheid gegun word om hul kragte te verenig vir die uitbouing van die voorgenoemde Delta tot 'n vesting wat vir die veiligheid van

(Vervolg op bladsy 4 kolom 3)

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## GEBOORTE

TALJAARD. — Aan Paul en Marie (gebore Gersbach) 'n fris Boerebaba (seun) op 24 November te Stellenbosch.

## MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

**SIEKTES en Kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 2)1/9/49

## HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## TE KOOP

**SWART AUSTRALORP KUIKENS,** waarop u trots kan wees en daar is geen rede waarom u hulle nie almal groot sal maak nie. Kry hulle net teen £6/10/- k.m.b. van **E. BOTHA,** Bus 1128, Bloemfontein. 4/7/1

## GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jong voorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** C1/9/49

**Gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

## MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

# O.B. JAARGANGE

**JAARGANG 1949—1950**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.**

**PRAGTIG INGEBIND**

***VOORRAAD BAIE BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

# VOORSLAG (EDMS.) BPK.

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

# Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning:**

**DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

**DIE O.B.**

- **Verwerp die Partystelsel wat die volk verdeel en veg vir die Partylose Eenheidstaat.**
- **Verwerp verteenwoordiging deur handlangers van politieke partye en veg vir regering deur vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- **Verwerp die Kapitalisme en veg vir 'n Afrikaner-volksekonomie.**
- **Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese integrasie van die nie-blanke en veg vir territoriale apartheid.**

**DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.**

**DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.**

## Intekenvorm

***Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.***

***Hierby ingesluit vind u die bedrag van...............***

***.....................vir die eerste....................maande.***

***NAAM***.......................................................

**(Naam en Adres in Blokletters)**

***POSADRES***.......................................................

.......................................................

.......................................................

.......................................................

***Handtekening.***

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

## *Van die Os op die Esel*

# Belgiese Klag Teen Brittanje

(Vervolg van bladsy 2 kolom 5)

Europa van die, allergrootste belang sal wees nie. Hulle stel die pertinente vraag: „Wie saboteert hier de verdediging van het Westen? Wie speelt hier in de kaart der communisten?"

### *Brittanje is Vyand van Europa*

Die Belgiese nasionaliste — soos trouens alle nasionaliste in Europa — het geen illusies oor Brittanje se gesindheid ten opsigte van Europa nie: „Engeland is altyd teen 'n sterk en verenigde Europa gewees. Dwarsdeur sy geskiedenis het hy niks anders gedoen as om Europa te verdeel en te verswak nie. Hy het altyd koalisies gevorm om die kontinentale magte teen mekaar uit te speel. Hy dra die verantwoordelikheid vir die meeste oorloë wat Europa geteister het en tans op die rand van die afgrond gebring het.

„Engeland klem vas aan sy Empire wat besig is om uit te rafel en hy vrees tereg iedere mag op die vasteland. Hy vrees die Russiese oorheersing van Europa. Maar hy vrees eweseer 'n sterk Duitsland. En hy vrees bowenal die gevolge van die nuwe Amerikaanse politiek insake Duitsland.

„Die Engelse is volkome onbetroubaar as bondgenote. Ons het hoegenaamd geen versekering dat as Duitsland weer 'n mag in Europa word Engeland nie weer die hand sal reik aan Rusland nie. Ons wil die feit laat insink: die Engelse is teen Europa. Hulle saboteer alles wat Europa één en sterk kan maak. Hulle saboteer die parlement van Europa; hulle saboteer die eenwording van België, Holland en Luxemburg; hulle saboteer Nederlandse herbewapening. Hulle saboteer die westerse verdediging.

„Hulle beset Antwerpen en sy hinterland, maar as die Russe kom sal hulle, net soos in 1940, weghardloop en dan sal Antwerpen 'n nuwe Duinkerken word."

### *Inmenging*

Ten slotte behandel die Belgiese nasionaliste die posisie van hul eie regering wat die Kempen aan die Britte gegee het.

En die mense is uitgesproke. Hulle vra: „Waarom het die regering nooit die goedkeuring van die parlement gevra vir so 'n belangrike aangeleentheid soos die afstaan van militêre basisse, van die prysgawe van byna 'n hele provinsie aan 'n vreemde moondheid nie? Van watter nut is die parlement as sulke belangrike beslissings geneem word sonder om hom te raadpleeg? Of is die parlement maar net daar om die partye geleentheid te gee om oor pryse en lone te kibbel ,en verder de gemeente te vermaken met zotternyen?' "

Die beswaar van die Belgiese nasionaliste teen die Engelse besetting van die Kempen vlym veral uit in hul diepe gegriefdheid oor geheime Britse inmenging in die huishoudelike aangeleenthede van België wat daardeur moontlik gemaak word. Die Engelse blaas self die verset aan deur van die Kempen te praat as „Little England" en gewag te maak van uiteindelike dominiumstatus vir België.

Die Belgiese nasionaliste beweer dat daar in Londen 'n geheime ooreenkoms gesluit is waarin aan bepaalde Engelse eise voldoen is, wat o.a. insluit troonafstand van Leopold III; inskakeling van Belgiese militêre, ekonomiese en koloniale belange, nl. die Belgiese Kongo by dié van Brittanje; en uitlewering van Belgiese grondgebied vir Britse militêre doeleindes. „Al de partyen zyn in het verraad betrokken. Het wordt nu meer en meer duidelik dat de uitlevering van de Kempen geschiedt in uitvoering van geheime afspraken waaronder de verantwoordelyke leiders der drie grote partyen hun handtekening hebben geplaatst en waarvoor ze de judas-penningen hebben opgestreken."

**Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!**

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

# S.A. ESKADER AL BYNA UITGEWIS IN KOREA

**Suid-Afrika het tot dusver 23 vlieërs verloor wat òf gedood òf vermis òf krygsgevange geneem is. Altesame 43 vliegtuie is verloor, volgens die minister van verdediging, mnr. F. C. Erasmus, wat daaraan toegevoeg het dat Suid-Afrika nie sy poging in Korea sal verslap nie.**

**Die normale sterkte van die Suid-Afrikaanse lugeskader in Korea is 24 vliegtuie en 36 vlieërs. Dit beteken dat die eskader reeds vir tweederde uitgewis is wat mannekrag betref en heeltemal uitgewis is wat vliegtuie betref. Versterkings word natuurlik steeds aangestuur.**

# Nog Nie Klaar Afgespreek

In verlede week se uitgawe is kommentaar gelewer op 'n voorneme van Churchill en Truman om wêreldvrede te bewerkstellig deur middel van 'n samespreking met Stalin. Sedertdien is berig dat Truman nog nie sy instemming met Churchill se plan betuig het nie. Churchill gaan aan die begin van Januarie na Amerika waar hy die wêreldtoestand met pres. Truman sal bespreek en onder meer verder sal aandring op sy idee van 'n samespreking met Stalin. Slaag hy nie om Amerika se ondersteuning hiervoor te vind nie, sal hy, na verwag word, voorstel om alleen na Stalin te gaan met pres. Truman se seën.

**WAARDEVOLLE VRAG VEREIS SPESIALE HOUERS**




Dis uiters onverstandig om spaarsaam met verpakkingsmateriaal te werk te gaan. Die Spoorweë sal elke pakket met die grootste versigtigheid behandel. Dit sal ewenwel hul taak vergemaklik as elke pakket behoorlik geadresseer en verpak is. Swakkerige kartondose en sorglose verpakking . . . lok net MOEILIKHEDE uit.

**ADRESSEER EN VERPAK BEHOORLIK**

*—ONS SAL DIE GOED AFLEWER*

—en onthou om u vragbriewe te bewaar.

**SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË**

CPI

*Ander Se Menings*

# Wil „British Way of Life" Benoorde S.A. Ingrawe

**Klagte oor die houding van Engelse kant in Rhodesië teenoor die Afrikaanse lewenswyse wat daar nie welkom is nie en die verwagting van die Afrikaner om te verengels of minderwaardig behandel te word, is vervat in 'n hoofartikel in Die Volksgenoot, Afrikaanse weekblad in Rhodesië. Hy skryf:**

'n Houding openbaar hom telkens by 'n sekere deel van die bevolking dat hulle eintlik die eersteklas-burgers is en dat hulle, hul politieke menings, hul lewenswyse en hul belange die eerste reg het.

Hierdie opvatting doen hom meermale voor onder die dekmantel dat dit gaan om die behoud van „The British Way of Life," **maar die implikasie is dat hy wat nie ten volle die Britse lewenswyse nakom nie, nie aanspraak het op gelykheid met diegene wat dit wel doen nie.** Eintlik word daar gepoog om tussen burger en burger te diskrimineer — 'n beginsel vreemd aan die Britse lewenswyse — maar dit word gedoen onder die dekmantel dat dit gaan om die beskerming van die Britse lewenswyse.

Dit ly geen twyfel dat daar wye agting vir die Britse lewenswyse en 'n diepgaande verlange om dit te behou en te bestendig by baie in die Kolonie is nie. Trouens, dit is by enige bevolkingsgroep prysenswaardig as hulle die beste uit hul verlede neem om daarop die toekoms te bou. Diegene wat probeer om die Britse lewenswyse in te graaf en hulself te bevoordeel deur in alles die voorrang te eis en andere nie gelyke voorregte te gun nie, verkrag egter nie alleen die Britse beginsel van gelykberegtiging vir alle burgers nie, maar bewys ook in 'n ander opsig die Britse lewenswyse in hierdie Kolonie 'n ondiens deur ander daarteen in die harnas te ja.

### NIE ENIGSTE NIE

Die Britse lewenswyse het 'n belangrike plek in hierdie Kolonie en verdien inagneming, maar dit moet onthou word dat dit nie die enigste hier is nie. Hier is Afrikaners met 'n eie taal en leefwyse. Dit moet ook nie verontagsaam word dat hier naturelle is wat 'n eie taal en leefwyse het nie. Hierdie feite skep 'n toestand wat nie blindweg met die maatstaf van een of ander „way of life" benader kan word nie. Elke burger sal hier vir homself moet dink en regverdigheid en tegemoetkomendheid te pas moet bring om eendrag in die land te bewaar.

Slegs wrywing kan volg as een groep burgers hulself as eersteklas-burgers wil beskou en meen dat ander met 'n tweede plek tevrede moet wees.

### AFRIKANER-LEEFWYSE

Wat die Rhodesiese Afrikaner betref, hy besef die waarde van die Afrikaner-leefwyse — 'n leefwyse wat gebore is op die Afrikaanse vasteland en wat gevorm is na dure ervaring deur volksplanter, voortrekker en pionier in hierdie vasteland opgedoen. **Die Afrikaner weet dat sy leefwyse veel werd was in die opbou van hierdie land tot hier toe en dat dit nog veel gaan beteken in die vordering van hier af vorentoe.**

Die oorgrote meerderheid van Rhodesiese Afrikaners het met kennis en ervaring van die Britse lewenswyse opgegroei. Hulle is gebore in die Statebond, onder die Britse vlag. Hulle het van jongs af die Engelse taal geken en met Engelssprekendes gemeng. Hulle beskik oor die nodige voorvereistes om met die Britse lewenswyse in harmonie te leef.

**Die vraag kan egter nie anders nie as dikwels by die Afrikaner opkom of sy Rhodesiese medeburger oor die nodige gesindheid en aanpasbaarheid beskik om hom te versoen met die Afrikaner-leefwyse wat in hierdie Kolonie vasgewortel is sedert die dae van Rhodes.**

### ONWELKOM

**Is dit nie te dikwels die houding, hoewel meestal stilswyend, dat die Afrikaner se lewenswyse nie eintlik welkom is in hierdie Kolonie nie en dat hy moet swig en verengels, of trap? Vind 'n mens nie 'n weerspieëling van so 'n houding selfs in staatsbeleid, o.m. ten opsigte van onderwys nie?**

Indien dit wel so is, dan is dit dwaas, want die geskiedenis het bewys — en nie mins van almal die geskiedenis van die Afrikaner nie — dat 'n beleid van onderdrukking selde slaag en indien dit misluk, blywende verwydering meebring.

# VOLK EN TAAL

## Soos Ons Lesers Dit Sien

**Mnr. P. C. Kruger, Pk. Stoffberg, skryf:**

Dit verbaas mens soms om te sien hoe die partypolitici die gewone publiek probeer wysmaak dat twee nasionale volkstrome een volk kan wees — dat die onmoontlike moontlik is. Vandaar die benaming „Engelssprekende Afrikaner" vir die Engelse wat in Suid-Afrika woon. Hulle wil ons ook diets maak dat een nasionale stroom vir die blankes in ons land onmoontlik is. Hulle praat ook van 'n volk te verenig, maar wie is daardie volk en waarom is hy nie verenig nie? Die antwoord is omdat die Boer en Brit nie verenig is nie. Die oplossing lê net daarin dat die Boer Brit moet word of dat die Brit Boer moet word met een taal. Op my vraag waarom hulle 'n Jood in Engeland nie 'n Hebreeussprekende Engelsman noem nie of die Engelsman wat tans in Duitsland woon 'n Engelssprekende Duitser nie, bly die politici my die antwoord skuldig.

Elke land het van ouds af geboorte gegee aan net sy eie, en Suid-Afrika doen dit ook. Hy gaan sy koers ongeag ons slimpraatjies. Dis soos die Steelpoortrivier hier by my. Van alle oorde kom stroompies om in Steelpoortrivier een stroom te word. So het ook Suid-Afrika net een volkstroom. Ons moes self ons Hollandse taal prysgee om ons te kan onderskei van ander nasies. Net in hierdie stroom bestaan 'n moontlikheid vir 'n eenheid van alle blankes in die suide van Afrika. Net so min as wat Engeland geboorte kan gee aan 'n Duitse volk, net so min kan Suid-Afrika geboorte gee aan 'n Engelse volk. 'n Engelssprekende Afrikaner is 'n Afrikaner wat sy eie taal verwerp en die Engelse taal aangeneem het. Jy mag baie ander tale aanleer en praat, maar net een taal bewys jou nasieskap. Die Engelssprekende in Suid-Afrika se huistaal openbaar hom as 'n Engelsman, en as ons hierdie feit nie wil erken nie, maar selfs haters van Afrikaans nog erken as 'n Afrikaner wie se taalregte gewaarborg word, watter hoop het ons dat hy hom sal vereenselwig met die Afrikanervolk? Nee, van die begin af was daar Afrikaners en Engelse wat die eenwording van Boer en Brit teengestaan het en hulle is vandag nog daar. Wanneer kry ons hierdie soort struikelblokke uit die weg geruim?

## Oues van Dae

**Mnr. H. P. Wassermann, Lang Riet, Humansdorp, skryf:**

Ek lees in Die Vaderland van die oues van dae, hoe hulle lewe in Johannesburg. My hart kon breek toe ek hulle gevalle gelees het. Die oues van dae is ware stiefkinders van die Goudstad. Hulle woon in krotte. Nou wil ek net vra waar is ons sogenaamde goeie regering en ons gesondheidswette? Het ons dan nie 'n Minister van Gesondheid nie? Die oues van dae woon in krotte want die vensters is toe gestop met papier en die dakke lek as dit reën. Die oues van dae sê hulle kan nie uitkom met die karige pensioen nie, want hulle moet £30 huurgeld betaal vir die krotte wat hulle in woon. Verder sê hulle hulle is nie seker van hulle lewe nie want langs hulle woon Kleurlinge wat bier maak en as hulle dronk is kan hulle die oues van dae om die lewe bring. Nou vra ek waar is ons sogenaamde Apartheidswet? Nou nog net dit: Is ons regering se oë net anderkant die water, en ons arme Afrikaners moet maar waterdraers en houtkappers wees in ons eie ryk land?

# Probleme van Deelname aan Oorlog

**„Dit is tans duidelik dat die Unie hom plegtig gebind het om van ons seuns oor te stuur om in Asië in geval van oorlog te veg. Daar word natuurlik gesê dat so 'n deelname aan 'n oorlog bedoel is om Kommunisme te stuit. Wel, daar sal op die aardbol nêrens iets gebeur wat Britse belange raak of dit sal aan Russiese agressie toegeskryf word. Ons gee vir Stalin glad te veel eer. Gedeelte van die onrus wat tans heers moet seer sekerlik aan slegte sosiale toestande en aan die selfsugtigheid van Brittanje e.a. toegeskryf word. Rusland stook kwaad waar hy kan maar sonder die foute van ander nasies**

(Vervolg op bladsy 6 kolom 1)

# V.V.O.-KOMITEE STEEK NEUS AL DIEPER IN

**Ooreenkomstig 'n besluit van die Regering het Suid-Afrika hom Saterdag onttrek aan die verrigtinge van die Voogdykomitee van die V.V.O. en 'n beroep op die Algemene Vergadering gedoen om die komitee se besluit om die Herero-stamhoofde van Suidwes na Parys uit te nooi in hersiening te neem.**

In 'n brief aan die voorsitter skryf dr. T. E. Dönges, leier van die Suid-Afrikaanse afvaardiging: „Die Unie-regering is teen sy sin daartoe gedwing om aan sy afvaardiging opdrag te gee om hom van verdere deelname te onttrek aan die werk van die Voogdykomitee, hangende 'n hersiening van die konstitusionele geldigheid van die betrokke besluit deur die Algemene Vergadering."

Verlede Vrydag het die Franse afvaardiging uit die Voogdykomitee gestap nadat die Egiptiese verteenwoordiger die politieke toestand in Frans-Marokko begin bespreek het.

Die episode het gevolg op die komitee se besluit dat besprekinge oor die politieke toestande van nie-selfregerende gebiede toelaatbaar is. Die afgevaardigdes van Brittanje, Frankryk, België en Noorweë het beswaar gemaak.

Frankryk is vasbeslote om nie na die komitee terug te keer alvorens besprekinge van politieke toestande in nie-selfregerende gebiede belet word nie. En Suid-Afrika het hom reeds onttrek. Die Algemene Vergadering van die V.V.O. sal derhalwe eersdaags beslissings moet fel wat bepalend vir die voortbestaan van die V.V.O. kan wees.

Afgevaardigdes van Brittanje, Frankryk, België, Nederland, Suid-Afrika, Australië en Nu-Seeland is besig om informele samesprekings te voer ten einde planne te beraam wat die Voogdykomitee sal verhinder om onkonstitusionele besprekings te voer oor onderwerpe buite die bestek van die komitee se gesag.

*OPLEIDING . . . HUL TOEKOMS*

***Maar die koste?***



Tiena en Johan was albei ywerig in hul studies, en hul toekoms was baie belowend. Hulle sou dit nog baie ver in die lewe bring.

Maar, om hul ideale te bereik, sou baie meer kos as wat hul ouers gewoonweg kon bekostig, want die opleiding van 'n ingenieur of dokter kos baie honderde ponde.

. . .

Gelukkig het hul ouers vroegtydig besef dat die nodige geld nie net in 'n jaar of twee bymekaar gemaak kan word nie. Daarom het hulle betyds—toe albei kinders nog klein was—hul toekoms verseker deur *Sanlam-Studiepolisse.*

**● En U kinders? Sal hulle die loopbane kan volg wat vir hulle, vir u, en vir die samelewing van groot betekenis kan wees? Vra dadelik hoe Sanlam U en U kinders se ideale kan help verwesenlik.**

●

Suid - Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy.Bpk.
*Hoofkantoor :*
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

**Daar is altyd uitkoms by Sanlam!**

Sanlam, Afdeling 17d. Posbus 660, Kaapstad.
*Laat my asb. dadelik weet hoedat u my kan help om vir 'n studiefonds vir my kind voorsiening te maak.*

NAAM :

ADRES :

*Beroep:* *Ouderdom volgende verjaarsdag*

*Kind se ouderdom volgende verjaarsdag*

54

# WESTE BEGPYP NOG NIE DIE KOMMUNISME

**Dit is moeilik om geen komedie te skryf nie — kan mens saam met die Griekse wysgeer sê — nadat mens die toespraak van die Amerikaanse president Truman van 7 November gehoor het. Met al die hoë agting wat mens aan die hoof van die magtigste staat in die wêreld verskuldig is, en met alle welwillendheid wat mens vir die goeie bedoelings om wêreldvrede te bewerkstellig mag hê, waar mens jou ook al mag vind, kan jy nie anders as om te sê dat Truman se rede net so oppervlakkig was as sy stem en dat sy voorstel reeds dood was voordat dit op papier gestaan het. Hoor net wat die president in sy toespraak van 25 minute gesê het.**

Hy het met die aankondiging begin dat die drie Westerse moondhede op dieselfde dag in Parys waar die V.V.O. sit, 'n „omvattende en sorgvuldig uitgewerkte ontwapeningsplan" voorgelê het. Hier het die mond van elke toehoorder outomaties oopgeval, want ses jaar lank is twee belangrike komitees van die V.V.O. besig om dag in dag uit te werk aan die vraagstuk van ontwapening, een in verband met atoomwapens en die ander in verband met gewone wapens. Hierdie moedige komitees het met bye-ywer etlike duisende gedrukte velle papier volgeskryf, honderde toesprake gehou en aangehoor, sowel as dosyne voorstelle beredeneer, aangeneem en verwerp — sonder dat al hierdie leërmag van woorde die minste uitwerking gehad het op die reusagtige bewapeningswedlope wat reeds vir ses jaar aan die gang is. Nietemin kondig pres. Truman as een van die belangrikste punte van sy nuwe ontwapeningsprogram aan dat hierdie twee V.V.O.-komitees voortaan verenig sal word. Wat dit sou help!

### VOORWAARDES

Pres. Truman skyn self daaraan te twyfel of so 'n tegniese spel enige uitwerking sal hê en verklaar daarop dat die nuwe ontwapeningsplan van die Weste „dwingende waarborge" in plek daarvan bied, dat die ontwapening hierdie keer prakties

**Deur dr. Otto Strasser**

deurgevoer sal word. Hierdie waarborge meen die president in die volgende drie voorwaardes opgesluit te sien:

(1) Daar moet in elke land met 'n noemenswaardige militêre mag 'n sorgvuldige opname gemaak word van sowel die gewapende mannekrag as die voorraad wapens van allerlei aard, met inbegrip van die atoombom.

(2) Op grond van hierdie opname wat deur V.V.O.-inspekteurs in elke land deurgevoer sal word, moet dan besluit word op 'n gelykydige vermindering van die militêre sterkte en wapens van elke land.

(3) Hierdie vermindering moet in 'n vasgestelde verhouding tot die bevolking en produksievermoë van die land staan en sal onder toesig wees van die V.V.O., aan wie ook die seggenskap oor die verbod op atoomwapens behoort, asook die alleenreg op alle atoomkrag.

### ONGEWILD

Wie hierdie punte lees, weet dat elkeen nie net deur Moskou nie, maar deur talle ander state geweier sal word. Is dit nog 'n vraag of Moskou en sy satelliete ooit hul regstreekse beheer aan V.V.O.-inspekteurs sal afstaan, soos punt 1 dit wil dan hou punt 2 niks meer of minder in as die bevriesing van die militêre en politieke magsverhoudings van die wêreld op die grondslag van die huidige posisie. **Dit mag die teenswoordige moondhede heeltemal in die kraam pas, dog die opkomende wêreldmoondhede van môre het nie die minste begeerte om hulle in die toestand van 151/52 te laat vasknel en die oorheersende magsposisie van die huidige groot moondhede vir alle tye te aanvaar nie.** Net so hou die vaskoppeling aan die bevolking en veral die teenswoordige produksievermoë van die lande geen rekening met toekomstige ontwikkelinge nie, net soos dit ook geen rekening hou met die aardrykskundige ligging en die verdedigingseise van lande nie. Lande soos Indië, Sjina, Argentinië en Brasilië kan tog nie daaraan dink om hul huidige produksievermoë as grondslag te neem van hul bewapening terwyl hulle nog besig is om ekonomies te ontplooi nie. En geen land sal toelaat dat die V.V.O. die atoomdiktatuur ontvang nie, wat slegs daartoe kan lei dat dit vroeër of later die middel kan word om die vryheid en soewereiniteit van alle lande, met Amerika inkluis, te bedreig.

### MAKLIKE NEE

Dit is meer as duidelik dat die Westerse voorstel dit vir Moskou besonder maklik maak om NEE te sê, en die gevaar is des te groter omdat hierdie Westerse vredesoffensief eintlik maar 'n teenoffensief op Moskou se vredesoffensief is, wat nie maar net van gister nie, maar al jarelank aan die gang is en in die jongste maande veral groot ingang gevind het. Dit bewys maar net dat die Westerse moondhede nog niks van die propaganda-kuns geleer het nie.

Watter waarde het 'n vredesoffensief waarvan die voorstelle elke meesleurende krag ontbeer en die voorwaardes nie net deur Rusland geweier moet word nie, maar deur talryke ander state wat daarin 'n bedreiging van hul vryheid en soewereiniteit sien? Wat beteken die openbaring van die eie vredesbegeerte wanneer in dieselfde asemtog gesê word: „Maar natuurlik gaan ons voort met bewapening tot tyd en wyl alle volke hierdie voorwaardes aanvaar en deurgevoer het."

Watter krag het hierdie vrome stelling: „Die manne van die Kremlin is dit aan hul vredeliewende volk verskuldig sowel as aan die lande agter die Ystergordyn wat hul toestande wil verbeter, dat hierdie voorstel aanvaar word?" Liewe land, dit is argumente wat by die Heilsleër tuishoort!

### GEBREK AAN INSIG

**Hier word die geestesgesteldheid van die Weste bloot gelê wat niks anders in die plek van die kommunistiese geloof en wil kan stel as die heenwysing na roomys, elektriese wasmasjiene, 'n nuwe motorkar — gepaard met die dreuning van die atoombom en „nuwe wetenskaplike wapens" nie.**

Nee, die vredesteenoffensief van die Weste is 'n doodgebore kind. En dit beteken dat die bewapening sal voortduur en dat Moskou hierdie nuwe aanbod op handige wyse sal uitbuit as 'n eie troef in sy vredesoffensief.

Kaesong of Parys, twee ontwapeningskommissies of een, tien voorwaardes of honderd, wat misluk, is tog nie die tegniek van die ontwapening nie, dog die wil om te ontwapen. **Solank die nuwe Ismael van wêreldkommunisme aan sy wêreldsending glo en dit met alle middele probeer deurvoer, solank kan daar geen sprake van ontwapening wees nie.**

**En dit sal die Weste betaal om liewer nie van ontwapening te praat nie — wat alleen die lis van die vyand ten goede kan kom — dog die wil tot vryheid te proklameer, die vryheid van die Aandland wat weereens uit die Ooste bedreig word.**

**Maar daarvoor is nodig dat die Weste eers weer self aan die vryheid glo—en dit uitlewe.**

## Probleme . . .

(Vervolg van bladsy 5)

**sou hy nie ver vorder nie," skryf adv. Pirow se Nuusbrief en noem dan die volgende:**

Probleme wat die Regering met hierdie „Empaaier-beloftе" geskep het:

(1) Daar sal nie genoeg vrywilligers wees om 'n enkele divisie op vegtende voet vir twaalf maande te hou nie.

(2) Daar sal dus dwang moet uitgeoefen word op ons jeug om te gaan veg, d.w.s. daar sal òf gekommandeer word, òf daar sal dieselfde morele en ekonomiese druk moet uitgeoefen word waarteen die Nasionaalgesindes gedurende twee oorloë so sterk geprotesteer het.

(3) As daar gekommandeer word sal daar 'n rebellie wees so seker as die dag van môre en die Gesuiwerdes sal saam met die Rooies hulle eie mense moet skiet.

(4) As dit by die metodes van die Sappe bly sal die arm mense gedwing word om te gaan veg en die rykes sal veilig by die huis bly.

(5) Die Uniale troepe sal onder vreemde bevel staan en altyd daar ingestoot word waar die Opperbevel jammer is om sy eie troepe te gebruik. Dit het in die afgelope oorlog gebeur en 'n man soos kol. Bob Preller gedwing om te bedank.

(6) Die geallieerde opperbevelhebber kan maklik 'n nieblanke wees wat vir ons mense 'n vorm van apartheid gaan gee wat nie baie terug huis toe sal laat kom nie.

Ten slotte maak die nuusbrief die opmerking dat die besluit uitgaan van mense wat die Hertzogregering van beloftes in verband met Ryksverdediging beskuldig het, en besluit dan:

**„Waarlik, genl. Smuts kan in vrede rus want sy beleid het onomwonde geseëvier!"**

# WIL WATER OPGAAR VAN ORANJERIVIER

**Verskillende skemas is verlede week op 'n konferensie te Colesberg oor waterbewaring in die Oranjerivier deur verskillende verenigings aan die hand gedoen. Die grootste skema wat voorgestel is, is 'n dam naby Zastron wat 20 jaar lank sal neem om vol te loop. Die wal moet tussen 530 en 550 voet hoog wees en sal 'n gebied van 500 vierkante myl met 'n gemiddelde diepte van 200 voet beslaan as hy vol is.**

Ander voorstelle was:—

(1) Verhoging van die Boegoebergse dam met 100 voet, waardeur nog 'n 150,000 morge besproei kan word behalwe die huidige 22,000 morge.

(2) Die afkeer van water onderkant die sameloop van die Oranje- en Vaalriviere by 'n punt sowat 70 myl ten ooste van Prieska om 15,000 morge in die noordelike deel van Hopetown te besproei.

(3) Die afkeer van ongeveer een-negende van die Oranjerivier se water in die Vis- en Sondagsriviervalleie naby Bethulie. Dit sal deur 'n tonnel van 50 myl lank in die Theebosspruit vloei na die Grasrugdam in die Groot-Brakrivier, en dan na die Visrivier verby Cradock en af na Cookhouse. Dit sal 150,000 morge onder besproeiing bring. is verklaar.

Die Oranjerivier lewer ongeveer een-vyfde van die Unie se water en die doel van die konferensie was om middele te vind wat die groot vermorsing van hierdie water in 'n waterarm land sal uitskakel.

Die minister van Lande, mnr. J. G. Strydom, het gesê dat die regering se beleid is om eers bestaande skemas te ontwikkel voordat met nuwes begin word. Daar sal in elk geval voorkeur gegee word aan die Oranjerivier-skema (afkering na die Vis- en Sondagsrivier) voor nuwe skemas in ander dele van die land. Hy kan egter nog nie sê wanneer daarmee begin sal word nie.

## Rooies Steeds Sterker in Lug

Sjina word steeds gedugter in Korea weens sy groeiende lugmag, het die Amerikaanse lugstafhoof, genl. H. S. Vandenberg, verlede week in Washington gesê. Hy skat dat die kommunistiese lugmag 1,400 vliegtuie in Korea het waarvan ongeveer die helfte vanaf lugbasisse in Mantsjoerye en Noord-Sjina opereer.

„As die vyand in staat is om sy mag in die lug teen die huidige koers te verhoog, lê daar vir ons 'n kwaai en bitter stryd voor, het hy gesê.

(Een van MacArthur se redes waarom hy Sjinese basisse wou bombardeer en wat hom nie vergun is nie, was juis dat die kommunistiese lugmag onbelemmerd net oorkant die grens opgebou kan word en dat hulle maar net in die lug oor Korea aangeval kan word.)





„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK WIT VIR FILTER

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiereg RA 52